

**AAN:** Lede van die ABV

**VAN:** **Victor Mothobi**  
Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne

**DATUM:** 1 Oktober 2019

**INSAKE:** Nominasies vir die AT(SA)-program vir 2020

Beste Kollegas

Die Universiteit Stellenbosch (US) het besluit om vanaf 2012 te verseker dat personeellede die geleentheid gegun word om 'n formele finansiële kwalifikasie te bekom. Die US het vir hierdie doel 'n program van die Instituut vir Rekeningkundige Tegnici (Accounting Technicians South Africa) ingestel wat as die AT(SA)-program bekend staan. Personeel wat by die US werksaam is, kry jaarliks die geleentheid om aan die program deel te neem indien hulle suksesvol daarvoor genomineer en gekeur word. Bykans 150 personeellede het reeds die eerste sewe programme voltooi.

FASSET, die Sektoronderrig en Opleidingsowerheid (SETA) vir Finansies, Rekenwese, Bestuurskonsultasie en Ander Finansiële Dienste het AT(SA) in 2006 as 'n gehalteversekeringsvennoot erken, en in 2007 is 'n memorandum van verstandhouding met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeester (SAIGR) onderteken om die onderwys, opleiding en ontwikkeling van rekeningkundige tegnisi in Suid-Afrika te bevorder en te fasiliteer. Die AT(SA)-rekeningkundige kwalifikasie is binne die regulerende kredietraamwerk geakkrediteer en is 'n stel vaardigheidsgebaseerde kwalifikasies op vlak 3, 4 en 5 van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR).

Sertifikaat: Rekeningkundige Tegnikus (NKR 3)
Verdere Onderwys en Opleiding(VOO)-sertifikaat: Rekeningkundige Tegnikus (NKR 4)
Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde (NKR 5)

Die US beoog dit om weer in 2020 die geleentheid aan personeellede te bied om aan die agste AT(SA)-program te kan deelneem. Die US beoog om die Sertifikaat: Rekeningkundige Tegnikus (NKR 3) en/of die Verdere Onderwys en Opleiding(VOO)-sertifikaat: Rekeningkundige Tegnikus (NKR 4) aan te bied.

Aangesien die US die deurlopende professionele ontwikkeling van sy personeel as 'n strategiese prioriteit beskou, word u vriendelik versoek om persone uit u omgewing vir die AT(SA)-program te nomineer. Die teikengroep is personeel wat in hulle omgewings hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, verantwoordelik is vir finansies en nie noodwendig oor die nodige kwalifikasies beskik nie. Die

teikengroep behels ook US-personeellede in administratiewe posisies (posvlakke 9-12) wat uitstaande prestasie lewer en wat potensiaal (talent) toon.

- Voornemende leerders moet teen **18 Oktober 2019** per e-pos ([alviraa@sun.ac.za](mailto:alviraa@sun.ac.za)) aansoek doen. Leerders moet hulle posvlak, postitel en hoogste kwalifikasie aandui. Die aantal aansoeke wat ontvang word, asook die beskikbaarheid van fondse, is kriteria wat in ag geneem word by die finalisering van die AT(SA)-program vir 2020.
- Die genomineerde persone sal gekontak word en die aangewese voorsiener van die leerderskappe sal inligtingsessies vir die potensiele leerders aanbied. Gedurende hierdie sessies sal die personeel geëvalueer en gekonsulteer word om die korrekte toedeling ten opsigte van die programvlak te verseker.
- 'n Paneel sal die finale aanvaarding en goedkeuring van die nominasies doen. Die aantal leerders sal ook wat betref die beskikbaarheid van fondse geëvalueer word.
- Leerders wat suksesvol gekeur word en hulle bestuurders sal voor **30 November 2019** van die besluit ingelig word.
- Voornemende leerders en hulle bestuurders sal vervolgens 'n toewydingsooreenkoms onderteken wat die leerders en hulle bestuurders verplig om 100% toegewyd aan die AT(SA)-program te wees.
- Die kostes wat die Universiteit aangaan, en veral addisionele kostes soos die ten opsigte van herevaluerings, kan en sal van die betrokke individu verhaal word indien die leerder onsuksesvol is.
- Die AT(SA)-program word by die Universiteit aangebied.
- Die AT(SA)-program behels twee tot drie dae per maand se bywoning van formele voldagsessies wat verpligtend vir al die leerders is.
- Die AT(SA)-program behels verder 'n maandelikse formele vaardigheidsevaluering wat twee tot vier uur sal duur.
- Die Program word oor 'n tydperk van een jaar aangebied, waarna die finale sertifisering sal plaasvind.
- Die AT(SA)-program se kostes beloop ongeveer R25 000 per leerder en word ten volle uit die US se vaardigheidsfonds befonds.

Inligting oor die AT(SA)-program is ook op die AT (SA) se tuisblad <http://www.accountingtechniciansouthafrica.co.za/> beskikbaar. Kontak Alvira Albertus by 021 8082966 en/of [alviraa@sun.ac.za](mailto:alviraa@sun.ac.za) indien u meer inligting verlang.

Vriendelike groete



**VL Mothobi**

**HOOFDIREKTEUR: MENSLIKE HULPBRONNE**